

# VOORWOORD

My navorsing van die Janse(n) Van Rensburg, Van der Walt, Pretorius en Jonker familie's het begin na my moeder se dood, 31 Augustus 2006. Nie is my moeder net 'n groot leemte in my lewe nie maar na haar dood het ek besef dat daar van die familiegeskiedenis saam met haar verlore is. Daarom wil ek die boek aan my moeder en my twee seuns opdra. Ek wil iets vir my seuns nalaat wat moontlik verlore sal gaan as ek die dag nie meer daar is nie.

Aanvanklik het dit met horte en stote gegaan. As mens so iets nog nooit tevore onderneem het nie is dit moeilik om te weet waar om te begin en hoe om voort te gaan. Ek het darem weggespring met familie wat altyd behulpsaam was, al het dit soms baie tyd gevorg het die inligting tog deurgekom, sommige van die inligting moes ek nagaan deur sterftekennis en ander bronne te gaan naslaan. Daar is nog bepaalde name wat ontbreek en wat met toegewyde navorsing verkry kan word.

Ek het later by die Genealogiese Genootskap van Suid Afrika se Vaaldriehoek tak aangesluit en met behulp van hulle getroue ondersteuning en boeke in die biblioteek, kon ek die boek saamstel. Dit word vertrou dat hierdie boek aan die familie 'n redelike oorsig oor die voor- en nasate van ons tak van die Janse(n) van Rensburg, Van der Walt, Pretorius en Jonker familie's sal gee. My hartewens is dat iemand uit die familie die studie tot voordeel van ons almal sal voortsit en dat beginners dit sal gebruik om as basis vir hulle eie navorsing te gebruik.

Die Janse(n) Van Rensburg wapenskild vooraan soos dit voorkom in Die Groot Afrikaanse Familie-naamboek van C.Pama.

Weés asseblief verseker van my oopregte dank en waardering vir die bydraes en ondersteuning aan die GGSA en familie wat ek van julle ontvang het.

Die Samesteller  
F.J. Jansen Van Rensburg  
Vaalpark 1947

1 Apr 08

# Inhoudsopgawe

Deel 1 Kwartierstaat vir FJ Janse(n) Van Rensburg  
b1 c3 d12 e5 f2 g2 h1 i6

Deel 2 Nasate van Gert Stefanus Janse(n) Van Rensburg  
b1 c3 d12 e5 f2 g2

Deel 3 Nasate van Tjaart Andries Van Der Walt  
b4 c9 d1

Deel 4 Nasate van Gerret Jacobus Pretorius  
b3 c7 d5 e1 f5 g4

Deel5 Nasate van Adolph Jonker  
Stamvader

Deel 6 Nasate van Claas (Nicolaas) Janse(n) Van Rensburg  
Stamvader

Naamindeks bl 310